33

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

CASE NO. 18/75/254

6th OCTOBER 1975

In the matter of:

THE STATE

vs

S. COOPER AND EIGHT OTHERS

---

VOLUME 33

PAGES 2119 - 2134

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)

COURT RESUMES ON THE 6th OCTOBER 1975

HERMANUS DANIEL STADLER, verklaar onder eed:

ONDERVRAGING DEUR MNR. ATTWELL: U is 'n majoor in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidstak, gestasioneer te Durban? --- Dit is korrek.

U is die ondersoekbeampte in hierdie saak? --- Dit is so.

Hoeveel jaar diens het u in die Veiligheids afdeling? --- Sedert 1963.

Nou, Majoor, na die Sharpeville Commemoration vergadering te Alan Taylor tehuis, op die 19e Maart 1972, het kaptein Welman van die Veiligheidstak Durban twee verseëlde bande tesame met 'n voorlopige transkripsie daarvan aan u oorhandig? --- Dit is korrek, Bewysstuk 28 reeds voor die Hof. Ek het hierdie bande in my persoonlike besit gehou, voorsorg getref dat daar nie mee gepeuter kan word nie. Daarna het ek dit gedurende April hierdie jaar 1975, weer aan kaptein Welman oorhandig met die opdrag om weer daarna te luister en dit daarna aan dr. Jansen van die akoestiek-afdeling van die WNNR te oorhandig, ten einde die nodige transkripsies te verkry. Ek het later die bande van dr. Jansen terug ontvang, deur middel van kaptein Welman. Ek het dit weer in my bewaring behou, en voorsorg getref dat hiermee nie gepeuter word nie, en ek het ook later die transkripsie van dr. Jansen ontvang wat reeds voor die Hof is.

Dit is BEWYSSTUK SASO B.1, Edele. --- Dit is korrek.

Ek sal dan graag na die 5e Oktober van 1973 wil gaan, Majoor, u en kaptein Welman en ander lede van die Mag was aan diens gewees in Chamberlain-weg Durban? --- Dit is korrek. --- As gevolg van 'n waarneming gedoenhet ons 'n motorvoertuig op die betrokke datum waarin Roy Chetty 'n passasier was voorgekeur, dit deursoek. In 'n briewetas wat ons as gevolg van

'n / ...

'n waarneming vooraf in besit van Chetty gesien het, het ek die oorspronklike stukke BEWYSSTUK G.1 nou voor die Hof gevind, hy het dit ook identifiseer as sy eiendom. Edele, met sy hulp het ek dit agtermekaar gesit en genommer soos dit nou voor die Hof verskyn.

Kan u op hierdie stadium net vir die Hof aandui wie die persoon Roy Chetty was op daardie stadium? --- Edele, ten tye daarvan was hy die skakelbeampte van die organisasie BPC.

Dit is die "public relations officer", is dit korrek? --- Dit is korrek. Edele, ek het fotostate van die betrokke dokumente gemaak, die oorspronklike dokumente was later - ek dink dit was gedurende die begin van 1974 - aan prokureure mnr. Shan Chetty oorhandig, wie namens BPC opgetree het. Die oorspronklike fotostate wat ek dan in my besit gehou het, is dié wat ek ook nou hier in my besit het, Bewysstuk G.1. Ek het, na die deursoeking, tydens die ondersoek van hierdie saak, het ek die bewysstuk Aanhangsel 4 tot die klagstaat in my besit ontvang, en ek het gevind dat 'n hele aantal van die artikels soos dit in BEWYSSTUK G.1 verskyn, ook in die aanhangsel 4 verskyn. Dan het ek ook gemerk dat BEWYSSTUK G.6.. mnr. Attwell kom tussenbei)

Edele, dit is waarskynlik die toespraak van beskuldigde No.1 in 'n hofsaak gemaak, dit is ingehandig, dit was in die besit van die beskuldigde gevind tydens die deursoeking ? --- Dit is korrek, dit is die BEWYSSTUK G.6 nou voor die Hof, die oorspronklike is die een waarvan ek 'n fotostaat afdruk gemaak het, soos dit verskyn op bladsy 55 tot 61 in BEWYSSTUK G.6.

Is dit dan reg, Majoor, om dan net duidelikheid finaal daaroor te kry, dat die BEWYSSTUK G.6 was inderdaad deur u gevind in die besit van Roy Chetty hier in Oktober 1973?

Dit / ...

--- Dit is korrek.

Dit het deel uitgemaak van 'n aantal dokumente waarop u beslag gelê het die dag? --- Dit is juis.

En dit het ook dan deel uitgemaak van die dokumente wat u oorhandig het aan die prokureur Chetty in die begin van 1974? --- Die oorspronklikes, ja.

En later tydens die deursoeking in September/Oktober van verlede jaar, is dié stuk weer eens nou op sy eie in die besit van beskuldigde No.1 gevind? --- Dit is so.

Terwyl ons by Bewysstuk G.1 is, Edele, ek wil die Hof vra om te kyk na Aanhangsel D aan die end hiervan, dit is omtrent die laaste tien of vyftien bladsye van dié dokument, G.1, u sal merk dat dit die kopstuk dra "Overseas mail list" en dan die volgende paar bladsye 42 verskillende mense en/of organisasies wat dan waarskynlik op die "mail list" van die organisasie was. Majoor, in die klagstaat het die Staat beweer dat die organisasies, BPC en/of SASO, skakel of gehad of beoog het met mense en/of organisasies in die buiteland wat teenoor die Republiek vyandiggesind is. Nou uit die aard van u werk in die Veiligheidspolisie kan u miskien net kyk vanaf die begin van daardie Aanhangsel B en vir die Hof aandui watter organisasies en/of persone daarop genoem vyandiggesind is teenoor die Republiek?

MR. ALLAWAY: M'lord, I wonder if my learned friend could qualify the witness more to give that evidence, obviously a person like Major Stadler must keep himself abreast of things of this kind, but with respect, M'lord, I wonder if it is possible for my learned friend to qualify his answer in this way to indicate whether Major Stadler has been overseas - it might save a lot of time in cross-examination if he can give a qualified opinion, when I say qualified I do not mean

- I / ...

- I mean an opinion based upon his personal experience.

MNR. ATTWELL: Majoor, u het die Verdediging se versoek gehoor, was u al ooit oorsee eerstens? --- Ek was.

Wanneer was dit gewees en wat was die aard daarvan gewees? --- Dit was in verband met die Mombaris ondersoek.

Dit is 'n verhoor onder die Terroristewet wat verlede jaar verhoor is? --- Dit is korrek - voor verlede jaar.

Is dit die enigste besoek wat u oorsee gemaak het? --- Dit is die enigste een, Edele. Andersins kan ek net praat na aanleiding van my werk, en ondervinding.

HOF: Die aard van die ondersoeke wat u instel, bring dit u in kontak met die liggame wat u hierso oor wil getuig? --- Baie beslis, Edele.

MNR. ATTWELL: Het die bedrywighede van sommige van die organisasies, veral teenoor die Republiek, al deel uitgemaak van ondersoek van die Veiligheidspolisie? --- Dit is korrek.

Sal u dan net vir die Hof aandui watter organisasies en/of persone dan in dié lys aan u bekend staan as vyandiggesind teenoor die Republiek? --- Edele, die eerste een, Anti-Apartheid Movement in Londen, dan die derde, SWAPO natuurlik - die kantoor in Londen, dan Amnesty International, nommer 4 op die lys, ook die Londen kantoor, dan op die tweede bladsy nommer 10 S.A. Freedom Action's Committee, dit is in Amerika. Dan die elfde, die Erw. David Sheppard.

Is dit die bekende sportsfiguur in Engeland? --- Dit is korrek. Dan nommer 14, die Wêreldraad van Kerke, wat ook al tot ons aandag gekom het, New Zealand Race Relations Council,

Dit is item 22? --- Dit is korrek. Dan ook World University Services, dit is 25 op bladsy 4, en die Anti-Apartheid Group op bladsy 4, nommer 34, dan weer eens World University Services, nommer 35 op bladsy 4. Edele, dit is wat

nou / ...

nou bewus is van, daar is miskien andere ook.

Nou, Majoor, na aanleiding van die bedrywighede van SASO en/of BPC soos bekend aan die Veiligheidspolisie, is toestemming versoek om na die telefoon van die hoofkantoor in Durban van SASO asook die BAWU kantoor in Durban in te luister, is dit korrek? --- Dit is korrek, Edele. Dit wil se : SASO 317275, en BAWU en BPC 318737

En merk op dat u noem BAWU en BPC as 'n eenheid daar, kan u miskien net vir die Hof verduidelik? --- Ek is bewus daarvan dat BAWU 'n kantoor te BCM gebou Beatrice-straat 56 tot 58, Durban het, en dat BPC die kantoor deel met BAWU.

Die nodige toestemming soos versoek is dan verleen? --- Dit is korrek.

En op sterkte daarvan het u sekere opdragte in September van verlede jaar aan Speurder Adjudant-offisier de Wet en Bantoe Speurder-sersant Twala gegee, is dit korrek? --- Dit is korrek, Edele.

Sal u net daarop uitbrei? --- Ek het opdrag gegee dat hulle sedert 25 September 1974 op die SASO telefoon moet mee-luister.

Die datum weer daar van die SASO telefoon, Majoor? --- Vanaf die 21e - ek praat onder korreksie, nee, Edele, van die 23e af, vanaf die 23e op die SASO telefoon mee-luister, en dan vanaf die 25e ook op die BAWU telefoon. Ek het opdrag gegee dat hulle dan 'n kort transkripsie daarvan moet maak en aan my oorhandig. Ek het dan ook vanaf die 23e tot die 27e September 1974 twaalf bande tesame met kort saamgevatte transkripsies van Adjudant-offisier de Wet ontvang.

Is daardie transkripsies van al die gesprekke op al die bande? --- Dit is korrek.

U het ook die bande vanaf daardie datums? --- Ja, ek

het / ...

het die bande in 'n verseëlde toestand, Seël No.266 van Adjudant-offisier de Wet ontvang; hierdie bande het ek deurgaans in my besit gehad, die nodige voorsorg getref dat daar nie mee gepeuter moet word nie, en in Januarie het ek dit aan hom teruggehandig met die opdrag om van nege van die bande sekere transkripsies - sekere gesprekke te transkribeer.

Terwyl daardie bande in u besit was, het u die transkripsies of voorlopige transkripsies van Adjudant-offisier de Wet deurgewerk, is dit korrek? --- Ek het, Edele.

Nou die besluit om van drie van daardie bande geen gesprekke te transkribeer nie, was u besluit gewees, is dit korrek? --- Ja, ek het dit natuurlik ook met mnr. Rees bespreek. Op daardie stadium was dit natuurlik, soos ek gesê het baie kort saamgevatte gesprekke. Dit het hoofsaaklik daarop neergekom, dit was 'n gesprek byvoorbeeld waar iemand kruideniersware bestel het, waar 'n persoon 'n damesvriend gebel het, ander was duplikaat gesprekke gewees, en andere was daar net eenvoudig 'n aantekening 'n duplikaat van pers-verklaring aan 'n sekere koerant, wat reeds op die ander bande voorgekom het, en na samesprekings met mnr. Rees, is dit besluit dat ons dan daardie bande, dit sal geen doel dien om verder op daardie bande in te gaan nie.

Die opdrag was dan gewees dat van die gesprekke op nege van die bande getranskribeer word, en dat daardie ander drie bande weer in gebruik geplaas word? --- Dit is korrek.

En het Speurder Adjudant-offisier de Wet daarna 'n transkripsie gemaak van die gesprekke wat u verlang het? --- Dit is korrek, dit is die transkripsies nou voor die Hof. Behalwe natuurlik daardie addisionele twee, wat een op versoek van die Verdediging, en een op versoek van die Staat ingehandig was.

Het / ...

Het u toe later vanaf Speurder Adjudant-offisier de Wet weer die bande in 'n verseëlde toestand ontvang. tesame met sy transkripsie? --- Dit is korrek.

Die bande was dan in u besit gewees tot baie onlangs toe dit weer as gevolg van u opdrag, aan die WNNR oorhandig is vir die maak van duplikaat bande? --- Ja, Edele, die bande was, na dit reeds aan die Hof voorgelê is, is daar op versoek van die Verdediging duplikaat bande gemaak, en dit was dan aan dr. Janse oorhandig vir daardie doeleindes.

Terwyl daardie bande in u besit was, was daar enige moontlikheid dat daar mee gepeuter kon gewees het? --- Nee. Dit was deurgaans geseël ook, en die seël was in die Hof. gebreek.

Goed, op hierdie stadium, Majoor, sal ek graag nou na die sogenaamde "Viva Frelimo rally" te Durban wil oorgaan - ek dink as u van die begin daarvan kan begin en kortliks vir ons die hele aangeleentheid net dek? --- Edele, as gevolg van die inligting tot my beskikking, was patrollies vanuit my kantoor asook die wye polisiemag oor die naweek vanaf die 20e regdeur tot die 25e gereël. 'n Groot aantal pamflette, identies soos reeds voor die Hof, BEWYSSTUK RALLY A.4 en A.5, asook die baniere, BEWYSSTUK 1 tot 13, het tot my besit gekom. Die rallies was Republiek-wyd op die 25e deur die Minister van Justisie in die ban gedoen. Op die aand van die 24e, het ek - of my kantoor, het die bewoording van die Staatskoerant waarin die ban voorkom van ons Kaapstad se kantoor ontvang, en dan om 10.45 die oggend van 25 September 1974, het ons ook die Staatskoerant, BEWYSSTUK RALLY B.52, vanaf ons kantore te Kaapstad ontvang.

Dit is reeds ingehandig as 'n bewysstuk? --- Korrek.

U is ook daarvan bewus dat daar aankondigings gemaak is

in / ...

in die Pers asook oor die radio in verband met die verbanning van die rally? --- Dit is korrek, op die aand van die 24e was aankondigings in verband met die in-ban-doening gedoen oor die radio Port Natal, die Zoeloe program asook die nasionale nuusdienste. Dit het dan ook in die Durban se plaaslike koerante verskyn, naamlik die Daily News, aand-koerant, en die Natal Mercury van die oggend van die 25e. Die aand koerant was natuurlik nog nie heeltemal seker of dit wel in die ban gedoen is nie.

Is dit die aand koerant van die 24e? --- Dit is korrek. Op die dag van die rally, 25e September 1974, het ek en 'n aantal lede van die Veiligheidstak om 4.25 namiddag te Curries Fountain arriveer. Met ons aankoms was daar reeds 'n aantal lede van die Polisiemag, hulle het natuurlik mettertyd aangegroei tot daar later 28 patrollie honde was met hulle hanteerders, en ook ongeveer - 'n paar in die 30 lede van die polisie.

Majoor, as ek u daar in die rede mag val, het u enige opdragte uitgereik aangaande ander lede van u tak in Durban, waar hulle moet wees op hierdie spesifieke middag? --- Ja, ek het opdrag gegee aan sekere lede om by SASO en BPC kantore waarneming te doen, dan kaptein Welman sou 'n bandopname probeer maak van die verrigtinge te Curries Fountain. Dan, sommige moes die area patrolleer, ten einde my op hoogte te hou van mense wat aankom en wat die posisie dan in die omgewing is. Andere sou net op die toneel van die sogenaamde rally dan bly.

U was deur middel van radio op hoogte gehou van die bewegings van verskillende mense? --- Dit is korrek, tot op 'n sekere stadium. Later het ons natuurlik nie meer die radio karre beman nie. Edele, soos ek reeds gemeld het, dan om 4.25 namiddag het ons daar aangekom. Groepies persone was reeds

teen / ...

teen die wal op die wal teenoor die Curries Fountain hekke vergader. As ek miskien kan verwys na die plan wat ek opgestel het, rowwe sketsplan RALLY A.5.A, tesame met sy sleutel RALLY A.5.B. Edele, ek sal probeer om na die plan te verwys soos ek aangaan, die sleutel dink ek is selfverduidelikend. Nou die persone wat vergader het, soos ek sê daar was reeds klompies vergader, en groepies was nog op pad na die toneel vanaf die rigting van die stad. Nou, hulle het hoofsaaklik vergader tussen die punte D en E wat lamppale aandui, die wal natuurlik word aangedui aan die onderkant teen 'n hoek van ongeveer 45°. Om ongeveer 5.30 namiddag was daar reeds na skatting tussen 1000 en 1500 mense teen die wal vergader. Hoofsaaklik Nie-Blankes, hoewel daar 'n paar Blankes, duidelik nuuskieriges, aan die flanke van die skare gestaan het. Daar was ook onder andere 'n paar Blankes wat aan my bekend is wat ook dan aan die singery later deelgeneem het. Edele, om tussen 5.30 en 5.40, min of meer, het die skare geleidelik aanbeweeg en so omtrent 5.40 was hulle - 'n hele groep van hulle op die sypaadjie min of meer regoor die punt X vergader. Dan omtrent dieselfde tyd, 5.40 namiddag, het die groep vooraan, onder leiding van beskuldigde No.1 se vrou, mev. Vino Cooper en 'n Bantoevrou met 'n blou Denim broek aan, begin sing, slagspreke skreeu, soos byvoorbeeld "Power", "Amandla Uwethu" "Lesotho" ensovoorts. Hulle het stadig uitbeweeg..(mnr. Attwell kom tussenbei)

Wat was die reaksie van die skare op hierdie singery? --- Edele, 'n groot groep van hulle, soos hulle in die straat beweeg het, het hulle almal gesing, danspassies uitgevoer en so aan. Die groep het stadig inbeweeg tot in die straat tot hulle later, die sentrale punt, min of meer by die punt X vergader was. Hulle was minagtend en uittartend teenoor die

polisie / ...

polisie. Om 5.47 namiddag was daar besluit dat kolonel Jordaan die skare sou toespreek. Op daardie stadium het hy min of meer op punt F gestaan - nou ek mag net meld dat op daardie stadium die skare min of meer, hulle was by kolonel Jordaan, en sommige het ook half agter hom gestaan. Hy het hulle deur middel van 'n megafoon tot aandag geroep, hy het dit 'n paar keer herhaal in Engels en Afrikaans, hy het hulle toe probeer toespreek, ek kon nie mooi hoor wat hy sê nie aangesien daar 'n geweldige geraas en gesing en gejouery was. Miskien kan ek net meld alhoewel ek nie gehoor het wat hy gesê het nie, ek en kolonel Steenkamp en kolonel Jordaan het vooraf besluit wat hy sou sê. Dan om 5.48 namiddag het kolonel Jordaan opdrag gegee aan 'n Bantoe tolk, Bantoe sersant, hy het die skare dan toegespreek deur middel van 'n radio-beheerde luidspreker gemonteer op een van die stadspolisie se voertuie - wat uit die aard van die saak 'n beter volume het. Kolonel Jordaan het hulle weer tot aandag geroep, en die Bantoe Sersant het hulle toe in Zoeloe toegespreek. My Zoeloe is ongelukkig nie so goed nie, en ek kon nie verstaan wat hy sê nie. Dan die skare op daardie stadium, toe die Bantoe sersant hulle toegespreek het, het hulle tot 'n mate aandag geskenk, hoewel daar maar nog 'n geskreeuery en 'n uitjouery was.

Majoor, op hierdie stadium wil ek graag 'n foto aan u wys, dit is 'n foto wat nog nie ingehandig is nie, Edele, ek stel op hierdie stadium afskrifte daarvan aan die Verdediging beskikbaar, met die Hof se toestemming as BEWYSSTUK RALLY A.10.41. --- Ja, dit is 'n foto van die rally wat 'n gedeelte van die skare aantoon, die gedeelte van die skare aan die noordwestelike kant, van Winterton Walk.

Sal u net vir die Hof beskrywe waar kolonel Jordaan op hierdie foto is? --- Edele, heel regs van die foto, kan 'n

mens / ...

mens kolonel Jordaan met die pet sien staan, net langs hom kolonel Steenkamp, die persoon met die krulhare, privaat klere.

Met ander woorde die persoon, feitlik die laaste persoon op hierdie foto aan die regterkant met 'n bril op en met sy regterkant van sy gesig na die kamera? --- Dit is korrek.

Dit dui aan die skare tot by die kolonel waar hy daar staan? --- Dit is korrek. Edele, dit is moeilik, 'n foto is natuurlik geweldig bedrieglik, en ook misleidend, as u kyk na die foto dan sal dit gemerk word dat dit wil voorkom asof die skare by die lamppaal verby staan. Nou daardie lamppaal is die lamppaal wat verskyn op die plan, D, heeltemal op die noord-westelike kant van die toegang tot Curries Fountain. In werklikheid staan hulle heeltemal deuskant die paal nog. Dan ook, dit is moeilik om te sê op watter stadium die foto geneem is, dit lyk asof dit moontlik kan wees 'n rukkie voor kolonel Jordaan hulle toegespreek het.

Edele, ek sal net graag aan die getuie wil lees 'n stuk van die kruisverhoor van Lt. van Niekerk.

MR. ALLAWAY: M'lord, I know what my learned friend is going to read, I was merely putting to Lt. van Niekerk what the witness Twala had said, I do not think I indicated that that was part of the Defence case, M'lord, at no stage.

MR. ATTWELL: M'lord, perhaps I can refresh my learned friend's memory, because he goes on a little bit later to put the issue beyond all doubt, if I may put it to the witness. Daar is beweer, Edele, op bladsy 1179, heelbo : "That the crowd never actually came up to him at all, there was always a distance between him and the crowd", dit is verwysend na kolonel Jordaan, Edele . Weer eens, Edele, heel aan die onder kant feitlik van 1185 tot die bokant van 1186,

volledigheidshalwe / ...

volledigheidshalwe sal ek die hele stukkie daar lees, Edele, deur my geleerde vriend, mnr. Allaway, aan Lt. van Niekerk gestel: "Lieutenant, I don't think I specifically put it to you, but I do put it to you that no section of the crowd encircled the Major, and that there is no circle deliberately, no section of the crowd deliberately encircled the Major or the Colonel at least, Colonel Jordaan". Sal u net daarop kommentaar lewer na aanleiding van die foto wat nou voor u is, Majoor? --- Ek mag net hier meld dat dit is beslis nie so nie, kolonel Jordaan was op een stadium tot 'n redelike mate en selfs toe hy die mense toegespreek het, was daar nog - het die mense by hom gestaan, en sommige het half om hom gestaan, ek sal nie sê dit was 'n doelbewuste beweging nie, maar dit is beslis so dat hulle half om hom gestaan het. Op een stadium het ek en kaptein Welman by kolonel Jordaan gestaan, dit was net voor kolonel Jordaan hulle toegespreek het, en kolonel Steenkamp het na ek en kolonel - liewer kaptein Welman gekom en gesê ons moet geepad daar dit is gevaarlik.

Sal u dan sê dat die skare op stadiums wel baie naby aan kolonel Jordaan gekom het? --- Baie beslis.

Dankie, Majoor, kan u dan net aangaan vanwaar u opgehou het? --- Edele, om 5.51 namiddag, het kaptein Welman na my gekom, en beskuldigde No.2 aan my uitgewys. Hy het op daardie stadium vanuit 'n suid-oostelike rigting met Winterton Walk aangekom na die skare toe.

Met ander woorde na aanleiding van u plan vanaf die regterkant na die skare toe? --- Dit is korrek. Toe hy aan my uitgewys is was hy nie meer in Winterton Walk nie, hy was meer in die opening voor die Curries Fountain hekke gewees.

Majoor, die punt X wat die middelpunt van die skare op hierdie plan RALLY A.5.A aandui, was dit nog die posisie van

die / ...

die skare toe beskuldigde No.2 opgedaag het? --- Nee, Edele, nadat kolonel Jordaan hulle toegespreek het, het hulle meer verspreid geraak, meer mense het van die wal af in die straat ingekom. Op daardie stadium toe die mense daar aangekom het, was die middelpunt van die skare nie meer by X gewees nie, ek sou sê dit sou meer in die rigting van die hekke gewees het, min of meer in die middel van die opening voor die hekke.

Met die Hof se toestemming, ek het 'n aanvullende plan, wat nog geen punte eintlik het nie, opgetrek, met die hulp van die majoor, en ek dink as hy miskien die nuwe posisies vir ons kan aandui op die nuwe plan, sal dit miskien vir die Hof help - met die Hof se toestemming sal ek dit RALLY A.5.AA noem, Edele, dit dui dan ook die muur aan wat nie heeltemal duidelik aangedui word in die vorige plan, RALLY A.5.A? --- Ja, in die oorspronklike plan, niks het eintlik om die muur gegaan nie, daarom het ek maar net min of meer die hek aangedui, op RALLY A.5.AA sal u merk dat daar 'n muur is, reghoekig met die hekke, wat dan die toegangshek, dit is nou hek A op die oorspronklike plan meer na vore plaas.

Edele, met die Hof se toestemming sal ek die majoor 'n rooi pen gee, en hom versoek om - dit is nou toe beskuldigde No.2 opgedaag het, die punt aan te dui min of meer waar hy beskuldigde No.2 vir die eerste keer opgemerk het, en miskien 'n M daar te plaas vir Myeza, asook 'n groot rooi sirkel om die skare waar hulle toe sou gestaan het, en as hy miskien daardie twee vir ons kan doen op die plan? --- Edele, dit sal baie by benadering wees - POUSE -

As u net die woord "crowd" miskien in daardie sirkel sal skryf, Majoor? --- POUSE

En hom dan net ophandig vir die Hof, sodat die Hof die plan daarbo ook dienooreenkomstig kan invul. Nou, Majoor,

op / ...

op hierdie stadium kan u dan net miskien die verdere verloop van sake beskrywe? --- Ja, dit was om 5.51 wat Muntu daar aangekom het, hy het na die punt van die skare beweeg, die suid-oostelike punt. Met sy aankoms was hy om die nek geval deur 'n paar van die persone, met sy aankoms het sommige van hulle met hernude ywer geskreeu "Power". Hy het dan ook met die gebalde vuis in hulle rigting die woord "power" geskreeu. Hy het kortliks met van die persone gepraat. Ek het op daardie stadium, hy het min of meer regoor waar ek gestaan het, het hy tot stilstand gekom, hy het toe in my rigting gewys, ek dink kaptein Welman was ook in die omgewing, en gesê: "These guys can't stop us".

Hoe ver van u was hy toe gewees, Majoor, om en by? --- Edele, ek glo nie dit was meer as ongeveer 10 voet nie.

Kan u net vir ons miskien 'n distansie hier in die Hof uitwys? --- Edele, moontlik van hier na die juriebank, moontlik 'n bietjie nader.

Ek sal sê dit is 'n bietjie langer as 10 voet, Edele.

HOF Omtrent vyf tree. --- Kort daarna, Edele, het kolonel Steenkamp na my gekom en gevra wat gaan hier aan; ek het hom toe meegedeel en beskuldigde No.2 aan hom uitgewys. Hy het toe aan my gesê dat die tyd aangebreek het dat ons tot aksie moet oorgaan. Ek mag net meld dat ek teenwoordig was toe dit bespreek is dat hulle die skare sou omsingel en dan arresteer.

MNR. ATTWELL: Is dit nou die "crowd" in the algemeen, of die "crowd" soos aangedui op die plan, die voorbokke of noem dit wat jy wil? --- Die voorbokke, die groep in die straat en dan ook in die opening voor Curries Fountain hekke.

Hoe groot om en by was daardie skare gewees? --- Dit is moeilik om te skat, aanvanklik hier om en by 5.40 sou ek

sê / ...

die skare toe beskuldigde No.2 opgedaag het? --- Nee, Edele, nadat kolonel Jordaan hulle toegespreek het, het hulle meer verspreid geraak, meer mense het van die wal af in die straat ingekom. Op daardie stadium toe die mense daar aangekom het, was die middelpunt van die skare nie meer by X gewees nie, ek sou sê dit sou meer in die rigting van die hekke gewees het, min of meer in die middel van die opening voor die hekke.

Met die Hof se toestemming, ek het 'n aanvullende plan, wat nog geen punte eintlik het nie, opgetrek, met die hulp van die majoor, en ek dink as hy miskien die nuwe posisies vir ons kan aandui op die nuwe plan, sal dit miskien vir die Hof help - met die Hof se toestemming sal ek dit RALLY A.5.AA noem, Edele, dit dui dan ook die muur aan wat nie heeltemal duidelik aangedui word in die vorige plan, RALLY A.5.A? --- Ja, in die oorspronklike plan, niks het eintlik om die muur gegaan nie, daarom het ek maar net min of meer die hek aangedui, op RALLY A.5.AA sal u merk dat daar 'n muur is, reghoekig met die hekke, wat dan die toegangshek, dit is nou hek A op die oorspronklike plan meer na vore plaas.

Edele, met die Hof se toestemming sal ek die majoor 'n rooi pen gee, en hom versoek om - dit is nou toe beskuldigde No.2 opgedaag het, die punt aan te dui min of meer waar hy beskuldigde No.2 vir die eerste keer opgemerk het, en miskien 'n M daar te plaas vir Myeza, asook 'n groot rooi sirkel om die skare waar hulle toe sou gestaan het, en as hy miskien daardie twee vir ons kan doen op die plan? --- Edele, dit sal baie by benadering wees - POUSE -

As u net die woord "crowd" miskien in daardie sirkel sal skryf, Majoor? --- POUSE

En hom dan net ophandig vir die Hof, sodat die Hof die plan daarbo ook dienooreenkomstig kan invul. Nou, Majoor,

op / ...

op hierdie stadium kan u dan net miskien die verdere verloop van sake beskrywe? --- Ja, dit was om 5.51 wat Muntu daar aangekom het, hy het na die punt van die skare beweeg, die suid-oostelike punt. Met sy aankoms was hy om die nek geval deur 'n paar van die persone, met sy aankoms het sommige van hulle met hernude ywer geskreeu "Power". Hy het dan ook met die gebalde vuis in hulle rigting die woord "power" geskreeu. Hy het kortliks met van die persone gepraat. Ek het op daardie stadium, hy het min of meer regoor waar ek gestaan het, het hy tot stilstand gekom, hy het toe in my rigting gewys, ek dink kaptein Welman was ook in die omgewing, en gesê: "These guys can't stop us".

Hoe ver van u was hy toe gewees, Majoor, om en by? --- Edele, ek glo nie dit was meer as ongeveer 10 voet nie.

Kan u net vir ons miskien 'n distansie hier in die Hof uitwys? --- Edele, moontlik van hier na die juriebank, moontlik 'n bietjie nader.

Ek sal sê dit is 'n bietjie langer as 10 voet, Edele.

HOF Omtrent vyf tree. --- Kort daarna, Edele, het kolonel Steenkamp na my gekom en gevra wat gaan hier aan; ek het hom toe meegedeel en beskuldigde No.2 aan hom uitgewys. Hy het toe aan my gesê dat die tyd aangebreek het dat ons tot aksie moet oorgaan. Ek mag net meld dat ek teenwoordig was toe dit bespreek is dat hulle die skare sou omsingel en dan arresteer.

MNR. ATTWELL: Is dit nou die "crowd" in the algemeen, of die "crowd" soos aangedui op die plan, die voorbokke of noem dit wat jy wil? --- Die voorbokke, die groep in die straat en dan ook in die opening voor Curries Fountain hekke.

Hoe groot om en by was daardie skare gewees? --- Dit is moeilik om te skat, aanvanklik hier om en by 5.40 sou ek

sê / ...

sê toe hulle die straat ingekom het, sou ek na beraming sê ongeveer 300, maar soos ek reeds gemeld het die skare het aangegroei en op die stadium toe No.2 aangekom het, kan daar besmoontlik heelwat meer gewees het. Dan, dit was ongeveer - net na kolonel Steenkamp weg is, het beskuldigde No.2 die voortou geneem van die skare, en hulle het toe 'n soort van 'n massa formasie gevorm, en die tipiese aan my bekend as 'n soort van 'n Zoeloe danspassie wat hulle gewoonlik by hierdie oorlogdanse uitvoer. Hulle het in 'n soort van 'n halfmaan beweeg, maar hulle het natuurlik op daardie stadium meer hoofsaaklik in die rigting van die Curries Fountain gekyk, het hulle met No.2 se aankoms in sy rigting gedraai, in ander woorde in die stad se rigting, hulle het met 'n halwe boog-beweging, soos - ek het die indruk gekry - na die hek toe beweeg. Dit is hek A.

Waar was beskuldigde 2 tydens die beweging wat u nou beskryf? --- Hy was vooraan. Ek het ook die woorde "ngena ngena" wat aan my bekend is as 'n Zoeloe woord vir "gaan in" gehoor. Net na hulle die halfmaan gemaak het, - ek mag miskien net meld wat ek nie voorheen gemeld het nie, dat die honde hanteerders met die honde asook van die polisie hoofsaaklik agter die muur daar by B gehou is. Toe het daar 'n hondeman met 'n hond in hek A verskyn, die voorste groep asook No.2 het vasgesteek, hulle het stadig teruggedeins, beskuldigde No.2 het hom losgemaak van die skare, en in die rigting van die wal beweeg. Ek het hom gevolg, en toe ek in die middel van Winterton Walk, was hy reeds halfpad teen die wal uit. Wel die volgende oomblik was daar chaos, want ek het net voetegeklap gehoor en honde wat blaf, en ek moes net lelik geepad anders het die honde my gebyt. In 'n ommesientjie was die skare uiteen, behalwe vir 'n beperkte paar wat arresteer

was deur die honde.

Majoor, hoe na aan daardie hek A het die voorpunt van die massa formasie gekom met beskuldigde 2 aan die voorpunt? --- Weer by benadering sou ek sê ongeveer 15 voet.

Is dit dieselfde afstand sal u sê as wat u nou net uitgewys het vanaf u tot daar by die juriebank om en by? --- Ja, Edele, dit is, ek skat, min of meer dieselfde afstand.

Majoor, ek sal graag wil hê u moet weer die aanvullende plan neem, en vanaf beskuldigde No.2 wat gemerk is daar met 'n M, sal ek graag wil hê u moet 'n pyltjie trek wat sy bewegings sou aandui, van daar af na die skare toe en dan van die skare af weer die boogbeweging wat u beskrywe het in die rigting soos u sê van die hek, en daarna oorkant die pad teen die wal. As u net vir ons so 'n pyltjie kan trek wat dan beskuldigde 2 se bewegings sal aandui, en dan ook soos dié beweeg het na die hond gesien is asseblief - (POUSE) Waar sê u was die honde gewees, Majoor? --- Die honde was hoofsaaklik agter die muur soos op die plan A.5.A aangedui met die letter B.

Is dit inderdaad die hekke waardeur die toeskouers na die gronde sal gaan? --- Dit is die toeskouers hekke, ja. Dit was besluit, na aanleiding van samesprekings tussen myself kolonel Jordaan en kolonel Steenkamp in ons kantoor - daar was ander lede ook by, maar kolonel Jordaan het vooraf - (POUSE TERWYL VLIEGTUIG RAAS)

Dankie, gaan maar voort? --- Ek mag net meld dat daar was 'n aantal honde wat wel buite die hekke ook patrolleer het.

Op hierdie stadium, Majoor, sal ek graag 'n aantal fotos aan u wil wys, dit is 'n stel fotos deur die verdediging ingehandig, RALLY A.10.1.AA, tot en met A.10.37, sal u net vlugtig daarna kyk.

HOF VERDAAG

**Collection Number: AD1719**

**State v S Cooper and 8 others.**

***PUBLISHER:***
*Publisher:*- **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:*- **Johannesburg**
**©2012**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

## *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:*- **AD1719-Vol33**
*Document Title:*- **Volume 33, Pages 2119 - 2134.**